Ring van Algoa

Voorsitter:
Dr GW Olivier
Van Niekerkstraat 27
Parsonsheuwel
PORT ELIZABETH
6001
TEL: 041 3734160

Lid:
Ds JP Kampman
Pickeringstraat 52
Newtonpark
PORT ELIZABETH
6055
041 3641155

Lid:
Ds CP Crouse
Burtrylaan 67
Cotsworld
PORT ELIZABETH
6045
TEL: 041 3655258

Skriba:
Ds Jasper van der Westhuizen
Piet Retieflaan 18
Sidwell
PORT ELIZABETH
6001
TEL: 041 4534939

12 September 2008

2.9

Dr JWJ Viljoen
Bybelhuis
Newtonpark
6055

Beste Jan

MOTIVERING: PORT ELIZABETH-NOORD SE AANSOEK OM FINANSIËLE HULP

Vind aangeheg Port Elizabeth-Noord se aansoek om finansiële hulp soos gerig aan die Ring van Algoa.

Die Ringskommissie het die gemeente se aansoek oorweeg en besluit om, met die kennisname van die Ring tydens die pas afgeloopte ringsitting, dit te ondersteun. Derhalwe bied die Ring graag die volgende as motivering vir die aansoek:

Die oorsaak van die nood

Die nood het reeds in 2000 ontstaan toe die gemeente gebruik moes maak van 'n oortrokke fasiliteit. Stygende koste en groter uitdagings wat deur die gemeente se gestuurde karakter ontstaan het, het gemaak dat Port Elizabeth-Noord nooit werklik daarin kon slaag om die oortrokke rekening te kon afwerk nie. Al was daar 'n fenomenale groei in dankoffers, kon die gemeente slegs daarin slaag om hulle begroting te laat klop. Dit het meegebring dat die gemeente die oortrokke rekening jaarliks oorgedra het.

Optredes deur die Ring

Die Ring is diep bewus van die gemeente se werk in hulle geografiese omgewing. Dit is 'n mindergegoede tot arm omgewing wat baie sosio maatskaplike probleme het wat groot uitdagings aan die gemeente stel.

Om die rede het die Ring in die afgelope paar jaar probeer om die finansiële eise wat die gemeente se missionêre opdrag stel, te help dra. Dit het geskied aan die hand van Ringsprojekte soos Kinderevangelisasie, Vrouebemagtiging, lidmaatskap aan Gestuurde Gemeentes, ens.

Waarom is dit noodsaaklik dat die gemeente bly voortbestaan?

Die gemeente is in 'n area met ontsaglike nood en geestelike verwaarlosing. Hoofsaaklik 'n gebied van bloukraag beroepe, indien mense wel enige beroep of werk het. In die gebied is Port Elizabeth-Noord besig om die kinders, volwassenes en behoeftiges daadwerklik te bereik, en is die bediening besig om te groei. As ons kyk na die stygende uitgawes op die bedieningsterreine en resultate wat bereik word, dan plaas dit 'n geweldige las op 'n finansieel beperkte gemeente. Waar die gemeente ernstig probeer om hul gestuurde roeping in die samelewing uit te leef, plaas die oortrokke rekening 'n finansiële remskoen op hul bediening.

Verder is dit ook dat hul rentes aan die bank betaal wat hulle eerder kon belê het in hulle gemeenskaps bediening.

Die aard en mate van hulp wat aanbeveel word.

Die Ring wil graag die volgende moontlike opsies voorstel:

1. sou daar genoegsame fondse wees, die hele bedrag van R 55 000 aan die gemeente beskikbaar gestel word om hulle oortrokke rekening mee te kan delg;

2 alternatiewelik, dat die Sinode in hierdie boekjaar 'n gedeelte daarvan aflos, met die moontlikheid dat dit volgende jaar verder afgelos kan word;

3. hulp as 'n rentevrye lening aan Port Elizabeth-Noord beskikbaar gestel word en dat daar met die gemeente oor die terugbetaling daarvan ge-onderhandel sal word.

Die verwagte effektiwiteit van die ondersteuning.

Omdat die gemeente daarin slaag om nou al vir 'n hele paar jaar te oorleef, en in sekere opsigte groei te toon, glo die Ring dat hierdie hulp die gemeente sal bemagtig in hulle gestuurde karakter. Tyd en energie van lidmate wat toenemend eienaarskap van die gemeente se gestuurdheid aanvaar, sal op diensbaarheid en gehoorsaamheid kan fokus namate die wurggreep van hierdie fasiliteit gebreek kan word.

Die Ring van Algoa versoek die Sinodale Kommissie om hierdie aansoek asseblief gunstig te oor weeg.

Ds J Kampman

Nederduits Gereformeerde Kerk
Port Elizabeth-Noord

Leraar
Ds Jasper van der Westhuizen
Piet Retieflaan 18
Sidwell
Port Elizabeth
6001
(041) 4534939
dsjazz@webafrica.org.za

Leier Ouderling
Mev S Nel
Cadle Wonstelle 14
Sidwell
Port Elizabeth
6001
(041) 4535268
0844535268

Leier Diaken
Mev B Nel
Jutaweg 25
Ferguson
Port Elizabeth
6001
(041) 4538704
084 607 3130

Skriba
Mev H van der Westhuizen
Piet Retieflaan 18
Sidwell
Port Elizabeth
6001
(041) 4534939

Die Voorsitter
Die Ring van Algoa
Piet Retieflaan 18
Sidwell
Port Elizabeth
6001

26 Julie 2008

Geagte Gerhard

AANSOEK OM HULP

Vind asseblief hierby aangeheg verlangde dokumentasie.

Hiermee doen die kerkraad van die NG Gemeente Port Elizabeth-Noord aansoek om ondersteuning vanuit die Sinodale Hulpfonds deur die riglyne soos uitgespel in 7.2 (Die Kerkorde 2007: p 102) te volg. Ons versoek u om namens ons gemeente, die Sinodale Hulpfonds te versoek om ons in staat te stel om ons oortrokke rekening van R 55 000 af te los.

Voorkomende stappe deur die kerkraad geneem om die probleem te hanteer.

Port Elizabeth-Noord is geleë in 'n arm deel van die stad waar werkloosheid hoogty vier en ekonomies aktiewe lidmate in die laer besoldigingsgroep val. Industrialisasie gedurende die laat 90's en vroeë 00's het ook 'n verdere verlammende uitwerking op die gemeenskap gehad wat tot verdere verarming gelei het.

Midde hierdie omstandighede is dit wonderlik om te sien hoe die Here ons in hierdie tyd gelei het. Weg is die dae toe ons laer getrek het en krampagtig vasgehou het aan 'n bedieningstruktuur wat na binne gerig is. Deur Sy genade het God vir ons 'n nuwe visie gegee en ons koppe gedraai sodat dit nie meer gaan oor ons nie, maar oor Hom en waar Hy ons wil gebruik. Vandag beskou Port Elizabeth-Noord haarself as 'n gestuurde gemeente en glo dat God ons met 'n doel in die dele van die stad kom plaas het.

Hierdie verandering was egter nie maklik gewees nie. Om te aanvaar en te bely dat ons nie in beheer is nie, maar God, het tyd gevat en die kerkraad moes groot bestuursskuiwe maak om dit uit te leef. Seker die grootste hiervan was die rol wat rentmeesterskap in die gemeente moes inneem. Ons het besluit om God te vertrou en ons lidmate op te lei om gehoorsame rentmeesters te wees. Daarom het ons besluit dat dankoffers ons primêre bron van inkomste moet wees, omdat dit Bybels gefundeer kan word. Toe ons nie meer tyd en energie op dinge soos ekstra basaars, en ander fondsinsamelingsprojekte gespandeer het nie, kon ons met nuwe projekte in ons gemeente vir ons gemeenskap begin.

Die gevolg hiervan, of is dit meer die seën hierop, was dat ons dankoffers in vyf jaar se tyd van R 109241(2003) na R 232643 (2008) gestyg het. Dit verteenwoordig 'n groei van amper 180%. Hiervoor is ons die Here innig dankbaar.
Nie teen staande bly ons finansies maar op 'n mespunt. Ons jaarlikse basaar en geringe fondsinsamelingsprojekte gee vir ons die nodige inspuiting om die boeke op 'n jaar-tot-jaar grondslag te laat klop. Wat die maand-tot-maand balansstaat betref, het ons iets nodig om ons te dra. Dit het mee gebring dat die gemeente afhanklik geword het op 'n oortrokke fasiliteit. Die gemeente het nou al vir etlike jare 'n R 60 000 oortrokke fasiliteit by ABSA Bank. Elke jaar betaal ons die rente hierop, maar slaag nie daarin om dit af te werk nie. Gedurende die afgelope tien jaar het ons reeds R 58 284 aan rentes betaal.

'n Behoorlike motivering ter ondersteuning van die aansoek.
In die lig van bostaande sit die kerkraad van Port Elizabeth-Noord met die volgende probleem:

- Die gemeente slaag sedert 2000 toenemend daarin om die begroting te laat klop.
- Ons slaag daarin om ook die rentes op die oortrokke fasiliteit te betaal.
- Ons slaag egter nie daarin om die oortrokke fasiliteit af te werk nie.

Die jaarlikse oordra van hierdie skuld laat dikwels 'n gevoel van magteloosheid midde 'n positiewe tyd in ons gemeente. Ons besef dat ons finansies ons op ons knieë voor die Here hou, maar die verlammende uitwerking wat dit veral by minder betrokke lidmate het, maak ons krag as gestuurde gemeente minder.
Wat die saak verder bemoeilik is die feit dat ons gestuurde roeping meer geld vra as wat dit genereer. Tans word twee van ons projekte uit geld vir Sinodale Hulpfonds befonds, naamlik ons jeug- en vrouebemagtingsbediening. Dit stel ons in staat om wonderlike en opwindende werk onder vroue en kinders vanuit ons gemeenskap te doen. As gemeente wil ons egter ook saam aan hierdie las dra en het daarom nie vir die hele begrote bedrag aansoek gedoen nie.
Dan is daar natuurlik ons ander bedieninge wat ook geld vra. Ons sop- en tronkbedieninge is twee projekte wat verdere finansiële eise aan die gemeente stel. Net vir interessantheid. In die afgelope 9 maande het die sopbediening meer as 9231 koppies sop aan nagenoeg 4487 mense gegee. Hiervoor het ons 3197 liter sop en 943 brode benodig. Ons beraam dat die reële waarde hiervan nagenoeg as R 34 000 beloop. Dan word die waarde van klere, komberse, handdoeke, ens, asook die kostes om badgeriewe wat beskikbaar gestel is, nie verdiskonteer nie.
As gestuurde gemeente leef ons juis ons gestuurdheid uit deur die aanpak van projekte. Die probleem is egter dat ons hierop geld spandeer, terwyl dit geen inkomste genereer nie. Hiermee wil ons nie sê dat projekte ons geld kos wat ons nie het nie. Hierin voorsien die Here immers. Wat ons wel besef, is dat ons nie die geld wat God vir projekte beskikbaar maak, kan of mag gebruik om die oortrokke rekening te vereffen nie.
Dit is seker moontlik om lidmate te vra om eers die oortrokke rekening af te werk voordat hulle geld vir projekte moet bewillig, maar dit sal beslis 'n negatiewe uitwerking op ons groeiende gestuurde roepingsbewustheid hê. As kerkraad glo ons dat dit ook die nuwe energie wat deur bedieninge in die gemeente losgelaat is, asook die lidmate wat hierby betrokke geraak het, sal ontmoedig. Ons glo dat ons sodoende maklik weer in 'n oorlewingsparadigma sal verval.

'n Motivering waarom dit wenslik is dat die gemeente onafhanklik moet voortbestaan.
Dit is vir ons moeilik om hier in motivering te gee. Port Elizabeth-Noord bly deel van die liggaam van Christus en ons kan nie ons voortbestaan ten koste van ander regverdig nie. Ons besef egter dat die dinge waarmee God ons besig hou, nie in ander gemeentes in ons Ring gedupliseer word nie, omdat ons die mense vanuit ons gemeenskap bereik. Of dit vir ons 'n unieke bestaansreg gee, is egter onseker.
Voorts glo ons dat die aansoek eenmalig is en dat ons onafhanklik sal kan voortbestaan sou dit goedgekeur word. Sou dit nie goedgekeur word nie, glo ons dat ons nog steeds kan voortbestaan, maar dit sal net soveel moeiliker wees.

Die aard en mate van hulp wat benodig word.
'n Bedrag van R 55 000 word benodig om die gemeente se oortrokke rekening af te los. Dit sal die gemeente help om vir die eerste keer in jare sonder skuld te wees en nie geld op rente te betaal nie. Uit die aard van die saak is dit 'n eenmalige versoek.

Tydperk waarvoor die hulp vereis word.
Dit sou wonderlik wees as die bedrag so gou moontlik beskikbaar kan wees aangesien dit sal verseker dat daar nie verdere geld op rentes spandeer word nie.

Is die kerkraad oortuig dat die gemeente waarskynlik na die tyd weer onafhanklik sal kan voortbestaan?
Sien asseblief ons kommentaar op bladsy twee.

Dankie vir u begrip en gunstige oorweging van ons versoek.

Die uwe

Ds J van der Westhuizen
Voorsitter van die Kerkraad